# 1 Augustus 2023 - Lesing 88 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die toestand van verantwoordelike geopende harte **–** 21/11/58

**NO: 7213** Julle het deur ontelbare verblyfplekke gegaan. Julle kyk terug op ‘n ontwikkelingsgang wat eindeloos geduur het, van ‘n tydruimte waarvoor elke maat by julle ontbreek, omdat julle nie in staat is om sulke eindelose tydperke te begryp nie. Maar julle het dit al agter julle, omdat julle andersins nie op hierdie aarde sou gewees het nie. ‘n Terugblik op hierdie tyd wat agter julle lê, sal julle weliswaar die belangrikheid van julle aardse lewe beter begrypliker laat word, maar dit sou nie goed gewees het vir julle siel nie, want sy sou deur angs gedrewe haar weg oor die aarde gaan, as sy die vermoë sou besit om dit alles weer vir haarself te herinner en die eindelose kwellinge tot haar sou deurdring wat sy moes ondergaan, - gedurende die tydsbestek van haar ontwikkeling omhoog.

Tog kan die feit nie ontken word dat julle so ‘n eindelose lang tydperk van ontwikkeling moes deurmaak nie en dat hierdie periode nou byna sy grens bereik het. **Maar die laaste (deel) bepaal julle self**. En dit is die belangrikheid van julle gang oor die aarde, dat julle aan ‘n ewige tye durende toestand van kwelling **‘n einde kan maak, of dit weer eindeloos sou kan verleng,** - dat julle dus julle vêrdere lot self gestalte gee gedurende die tyd van julle lewe op aarde.

Want vir ewige tye kon julle nie ter verantwoording geroep word nie, ewige tye moes julle doen volgens Goddelike Wil. Julle het onder die wet van “jy moet” gestaan, julle was onderworpe aan die wet van die Goddelike orde en moes handel volgens God se Wil. En onder hierdie wet van dwang het julle omhoog geklim - tot by die vlak waarin die beliggaming as mens kon plaasvind.

Nou is julle lewe egter nie meer vry van verantwoording nie, want julle bepaal self die afloop en die sukses deur julle vrye wil. En hierdie tyd is maar heel kort, maar sou deur elke mens doelmatig gebruik kon word om die hoogste moontlike voltooiing te bereik, want daartoe staan alle middele hom tot beskikking. Daar word van hom niks onmoontlik verlang nie, maar **hy word op elke manier gehelp**. Op elke manier word daar dus rekening gehou met sy swakheid en onvolmaaktheid, sodat ‘n geheel rypwording van sy siel in vrye wil moontlik is.

Maar daar word **selfoorwinning** van hom gevra. Daar word van die mens **‘n eie prestasie** gevra, wat geen medemens of geen ligwese vir hom kan verrig nie, anders sou daar waarlik geen onverloste wesens meer op aarde gewees het nie, omdat die liefde van die wesens al alles sou verlos het wat nog nie salig is nie.

**Die laaste voltooiing moet die mens egter self volbring**. En hy kan dit ook, want die Liefde van God is so groot dat Sy Haar onverdiende genade oor al Haar skepsele uitstort, net om hulle weer terug te bring in die Vaderhuis, om hulle vir Hom te wen en aan die teenstander te ontruk, wat hulle vir eindelose tye gevange gehou het.

Maar die oorgrote Liefde van God kan nie in stryd met die wet werk nie, - Sy moet, om werksaam te kan word, geopende harte vind waarin Sy ongehinderd kan binnestroom. En vir die oopmaak van die hart moet elke mens self sorg, die vrye wil moet aktief word, die mens moet bewustelik na God en die aanstraling van Sy Liefde verlang, **dan open hy homself ook vrywillig vir die kragstroom van die Goddelike Liefde** en dan kan daar niks anders wees as ‘n **opgaan na omhoog**, na God, want die Liefde van God het so ‘n Krag dat Sy alles tot Haarself trek wat hom nie verset nie.

Die slegs baie kort tydjie van die aardse lewe moet ’n ommekeer van die mens na God teweegbring, hy moet die weerstand ophef, - die mens moet homself oorwin, wat aan die begin van die beliggaming nog in sy weerstand volhard het en daarby ‘n kragtige steun het van God se teenstander, wie alles wil doen om hierdie weerstand nog sterker te maak. En die weerstand bestaan daarin, **dat die mens sy eieliefde koester,** wat totaal indruis teen die Liefde van God en wat gelyk is aan **‘n geslote deur** wat niks kan deurlaat nie.

Die eieliefde glo om in haarself genoeg te wees en daardeur bewys sy slegs die aanmatiging van die mense wat hoort by die teenstander van God. Die deemoed herken egter haar Meester en God, - **‘n deemoedige hart vra om genade en open die deur van die hart wyd om Diegene binne te laat kom Wie hom Sy Liefde wil skenk.**

Dit gaan dus in die aardse lewe alleen daarom, dat die mens sy verset sal opgee, wat hom onherroeplik vasketting aan die teenstander van God. Dit gaan daaroor dat sy vrye wil sy God en Vader sal soek en Hom **om genade sal vra**. Dan sal hy waarlik baie ryklik geseën word en sal sy aardse lewensloop nie tevergeefs wees nie, **want die Goddelike Liefde sal hom oorvloedig toestroom**.

En omdat die Liefde **lig en krag** is, moet die siel ook vol van lig en krag word tydens haar tydperk op aarde, ook al is dit hoe kort in vergelyking met die ewige lang tyd daarvoor.

Maar ‘n **geopende hart is ’n algehele waarborg** daarvoor dat die siel tot voleinding sal kom, want waar die Liefde van God heen kan straal, daar is geen duisternis meer nie, daar is slegs lig en geluksaligheid, - die reg van die volmaakte, - **die reg van die wesens wat op aarde die voltooiing wil bereik in vrye wil**. Amein.